Tjokkie WEEKBLAD

UNIVERSITAS NET MY BESTE

13 Junie 2025 Uitgawe: 8/2/2025

# UIT DIE KANTOOR

Die Gr. 4-7 eksamen is nou vol aan die gang en die atmosfeer van akademie moet nou hoogty vier. Weereens doen ek ’n beroep op ouers om te help dat die leerders asb. goed voorberei vir die eksamen.

**Eksamentye:**

Soos in verlede week se weekblad genoem, begin die skool gedurende die eksamen gewone tyd om 7:30 en verdaag om 12:00. Hierdie reëling bring egter die volgende uitdagings en vra ek u as ouers se hulp hiermee:

- *Ek merk op dat heelwat van ons leerders laat kom vir skool. Dit word deur die Departement van Onderwys verwag dat skole ouers moet aanspreek wat hul kinders laat skool toe stuur. Ek verstaan dat daar somtyds ‘n krisis by die huis is, of daar was ’n motorongeluk op pad skool toe, maar daar is leerders wat gereeld laat by die skool afgelaai word. Ek besef dis winter en dis baie koud, maar ek moedig u aan om asb. by die tye te hou soos in ons skoolbeleid staan.*
- *Die volgende uitdaging tydens die eksamentyd is dat die hele skool gelyktydig verdaag wat die verkeersvloei belemmer. Ek vra dat ouers die bakens en bordjies sal gehoorsaam sodat almal geleentheid kry om te ry. Dit sal dalk raadsaam wees om in stede van 12:00 eerder u kind om 12:15 op te laai. Die keuse bly egter by die ouer.*

Baie dankie vir almal se samewerking in verband met bg.

**Vrystaat Netbalkampioenskappe:**

Baie geluk en sterkte aan ons o/13A netbalspan wat verlede Vrydag deurgedring het na die uitspele van die Vrystaat Kampioenskap wat vandag by Primêre Skool Onze Rust plaasvind. Indien hul vandag goed doen, kan hul kwalifiseer om in die derde kwartaal aan die SA Kampioenskappe te gaan deelneem. Ons hou vir hul duime vas.


**Rising Star Hokkietoernooi:**

Die hokkieseisoen het nou aangebreek en die o/12 en o/13 seuns en dogters speel reeds hierdie naweek in die Rising Star Hokkietoernooi. Ons wens hul sterkte toe.

# BELANGRIKE DATUMS

| | |
|---|---|
| 13 Jun.: | o/13 Netbal Vrystaat Kampioenskappe |
| 13-15 Jun.: | Rising Star Hokkietoernooi |
| 16 Jun.: | Jeugdag (Geen skool) |
| 17-19 Jun.: | Hokkieproewe (Gr.1-3) |
| 20 Jun.: | Leerderraad Uitstappie |
| | GSF Redenaarsopleiding |

# VERJAARSDAE



Geen

# ANDER

Miskien het die meeste van die ouers kennis geneem van die onlangse ontvoering van 'n leerder van Martie Du Plessis Skool.

Veiligheid by Tjokkies is vir ons 'n groot prioriteit en ons sal teen alle koste ons kinders beskerm waar ons kan.

Die Polisie en ons sekuriteitsfirma, Invicta, het in die week vergader en het riglyne gegee indien ons ooit in so 'n situasie sou beland.

In dié verband vra ek ook dat ouers wat nie self hul kinders kom afhaal nie en iemand stuur om hul kind namens hul by die skool af te haal, die nodige skriftelike toestemming gee as bewys.

Let asb. daarop dat alle leerders wat voor die amptelike verdaagtyd afgehaal word, eers by die kantoor uitgeteken moet word. Ouers kan nie direk klas toe gaan en die kind neem nie. Onderwysers het opdrag gekry om kinders nie uit te stuur as Ontvangs hulle nie uitgeroep het nie.

Sien dokument insake vermiste persone hierby aangeheg vir meer besonderhede.

LUKAS 10:38-42 AFR83

[38] Op hulle reis het Jesus in 'n dorp gekom waar 'n vrou, Marta, Hom as gas ontvang het.
[39] Sy het 'n suster gehad, Maria, wat aan die voete van die Here gaan sit en na sy woorde
geluister het. [40] Maar Marta was baie bedrywig om alles klaar te maak. Sy kom toe daar
staan en sê: "Here, hinder dit U nie dat my suster my alleen laat bedien nie? Sê sy moet my
kom help!" [41] Maar die Here antwoord haar: "Marta, Marta, jy is besorg en bekommerd
oor baie dinge, [42] maar net een ding is nodig. Maria het die beste deel gekies, en dit sal
nie van haar weggeneem word nie."

https://bible.com/bible/6/luk.10.38-42.AFR83

Kies die beste deel. Om by Jesus se voete te sit en na Sy Woord te luister, is wat nodig is. God het nie ons werke eerste nodig nie, maar ons harte. Miskien in die wêreld se oë is dit ongewoon dat Maria nie bekommerd, bedrywig of besorg is nie...maar in God se oë het Maria die beste gekies...Jesus eerste!

Goeie werke is goed, soeke na die Here self is by verre beter! Ons vind Hom in Sy Woord.


# SNUFFELS


Geloofsentrum
CENTRE OF FAITH
Avontuur week
30 Junie – 4 Julie 2025
Daagliks 07:30–13:00
Skryf nou in!
Kontak vir Ds Thania @ 081 062 3438
Leersame en pret Bybelse aktiwiteite en speletjies
vir kinders
Gr.R–Gr.6
gedurende die vakansie!
R350
per kind vir die week
R80 per dag
(Alle kinders moet eie kombers, kussing en peuselhappies bring.)


Avontuur week
Wat behels dit?
Ouers kan tussen 30 Junie - 2 Julie 2025 daagliks hul kinders vanaf 07:30 by Die Geloofsentrum aflaai en weer om 13:00 oplaai. Hulle word volgens ouderdom in groepe verdeel. Elke groep het 'n leier wat na hulle behoeftes en veiligheid omsien. Die groepe beweeg gedurende die dag deur stasies waar verskillende aktiwiteite gedoen word wat by die tema van die week aansluit, waaronder: Speletjies, "Crafts", kyk na 'n kortfilm, maak peuselhappies/lekkernye.
Geloofsentrum
CENTRE OF FAITH


Avontuur week
Wat behels dit?
Daar word elke oggend as groot groep geopen en die dag word saam afgesluit. Daar sal ook 'n pouse wees waartydens die kinders kan speel en hulle kosblikkos kan eet. Die kinders sal op die kerkterrein bly vir die duur van die dag. Kinders kan een of meer dae kom besoek of vir die hele week inskakel.
Geloofsentrum
CENTRE OF FAITH


MAGALIES
Gelukkige
VADERSDAG
aan al die Pa's!
EK
LIEF
PA


Kia Sonet
The best just got better
Movement that inspires
From
R 299 995
Inc. VAT
Ts & Cs apply. E & OE
OR
10% Deposit 0% Balloon from
R 3 699pm
On a step payment plan


PEUGEOT
PEUGEOT
LANDTREK
Motus
BLOEMFONTEIN
051 403 4200
52 Zastron Street, Bloemfontein Central
Visuals for illustration purposes only. 28171